GRENDEL 4 VIR KINDERS
Soekie Sandra Krog 5 Mei 2020

Grendelstaat is nie meer snaaks nie
Ek kan nie meer onthou hoe lyk my maats nie

Die Parlement het mos besluit
Kinders mag nie by die huise uit

As my ma vir kos na die *mall* toe gaan
Klim ek skelm in die kar met ‘n masker aan

Ek kyk dieselfde flieks oor en oor
My pa het dalk sy werk verloor

My skool is nou op rekenaar
En Pa sê dit maak die data klaar

Juffrou Zoom met ‘n sweetpak aan
En kan daarna weer bed toe gaan

Almal in die huis was rustig gewees
Maar raak nou erg geïrriteerd

Hulle praat van ‘n moontlike immunisering
Help dit vir oorgewig en spysvertering?

Wanneer word fase vier nou drie of twee?
Niemand weet of kan ‘n antwoord gee

As ek die tekens van die tye reg lees
Gaan die wêreld van nou af anders wees

Shut down, lockdown, kwarantyn
Die grootmense stook hulle eie wyn